Vervolger kan 'rower' se motors, huise vat

Jeanne-Marié Versluis

Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) het vir die eerste keer 'n bewaringsbevel teen 'n vermeende transitorower "van dié omvang" verkry waarmee beheer oor twee huise, twee motors, meubels en toestelle geneem kon word, het die NVG Vrydag gesê.

Die hooggeregshof in Pretoria het op 5 Augustus dié bevel aan die nasionale direkteur van openbare vervolging (DOV) verleen nadat dié 'n ex parte-aansoek in die hof gebring het.

Regter Moses Mavundla het toe 'n kurator van Johannesburg gemagtig om beheer te neem van die huise, huisinhoud, 'n 2007-model Citroën C4 en 'n 2009-model Audi A3.

Die NVG sê beslag is hierna gelê op eiendom van mnr. Thabo Happy Mosia, een van die land se tien mees gesoektes wat verdink word van transitorooftogte landwyd.

Die hofbevel is deur die kurator, die Valke en lede van die vervolgingsgesag se batebeslagleggingseenheid uitgevoer.

In Mosia se huis (erf 103) in Liefde en Vrede, suid van Johannesburg, is beslag gelê op onder meer luukse meubels, 'n grootskerm-TV en klanktoerusting. In Mosia se ma (me. Lucia Koapeng) se huis in Ennerdale is beslag gelê op kwitansies "wat toon dat duisende bestee is aan uitgebreide opknappings aan die huis", sê die NVG.

Terwyl Mosia nog voortvlugtig is, is van sy vermeende medepligtiges gearresteer en word verhoor in die Springs-streekhof.

Die DOV bewaar Mosia se eiendom hangende 'n hofaansoek om die verbeurdverklaring daarvan aan die staat. Die DOV sê in hofstukke: "Mosia is bekend as deel van 'n groep wat transitorooftogte en ander oortredings gepleeg het oor 'n lang tyd."

Mosia word verbind met minstens vyf transitorooftogte waarin miljoene rande ter sprake is en mense van veiligheidsmaatskappye soos Coin Security, SBV Security en Fidelity Guards dood is.

Luidens die hofstukke het Mosia in Julie 2006 aansoek om 'n huislening by Standard Bank gedoen vir die huis in Grasvoëlstraat in Liefde en Vrede. Hy "het vals Absa Bankstate aan Standard Bank voorsien ter ondersteuning van sy leningsaansoek (van R1,242 miljoen)".

In die state is voorgegee hy verdien sowat R40 000 per maand uit die Lekaseka Trading Enterprises BK.

'n Finansiële ondersoeker het 'n "lewenstyl-ontleding" van Mosia, sy vrou, me. Selebogo Montsho, en sy ma gedoen.

Mosia het geen kredietprofiel by enige groot kredietburo nie, wat aandui hy steun op kontantaankope, lui die hofstukke.

"Mosia het geen motorvoertuie in sy naam geregistreer nie."

Montsho werk by die National Empowerment Fund (NEF), sy het 'n 50%-ledebelang in Lekaseka en Mosia het die ander 50%-belang, lui die hofstukke. Montsho besit die Audi en die Citroën.

"Gegewe haar verhouding met Mosia en haar finansiële profiel is die enigste redelike afleiding dat die Audi gekoop is met die opbrengs van die onwettige aktiwiteite van haar man . . . en geregistreer is in haar naam vir doeleindes van geldwassery . . . Alternatiewelik is dit aan haar gegee as 'n geskenk deur Mosia."

Koapeng, wat maatskaplike toelae van die staat kry, besit ondanks haar inkomste-tekort die huis in Ennerdale wat eenmalig teen R120 000 gekoop is. Dit is vermoedelik gekoop uit Mosia se opbrengste.